Every child is a National Asset

# 2023 Voorgeskrewe letterkunde Graad 12

## Gedig 7: Sproeireën – D.J. Opperman

**_Verskuns_ vir Eerste Addisionele Taal, bladsy 76-77**

KONSEP



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead

# Gedig 7. Sproeireën – DJ Opperman

1. Digvorm
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 7

# 1. Digvorm

Drie strofes: Strofes 1 en 3 het elk 4 reëls (kwatryne). Strofe 2 bestaan uit 7 reëls.

Strofes 1 en 3 is ingekeep en dit wys op ŉ refrein.

Rym: Strofes 1 en 3 het geen vaste rympatroon nie, dus ŉ vrye vers.

Strofe 2 – eindrym (behalwe reël 1 wat nie met die ander reëls rym nie).

# 2. Analise



**Sproeireën - D.J. Opperman**

1. My nooi is in ’n nartjie,
2. *my ouma in kaneel,*
3. *daar’s iemand … iemand in anys,*
4. *daar’s ’n vrou in elke geur!*

r. 1: Die spreker voel dat ’n nartjie se reuk hom aan sy meisie laat dink.
**Tipografie**: Dit is die inkeping van reëls 1 – 4.
Strofe 1 is die **refrein** van die gedig en laat jou aan ’n liedjie dink.
**Alliterasie** van die n-klank. Die funksie is om te wys dat die spreker sy geliefde met die reuk van ’n nartjie vergelyk.
Reël 1 is ’n voorbeeld van figuurlike / konnotatiewe taalgebruik.

# 2. Analise

Die titel: Reën van fyn druppels soos by ’n waterval



**Sproeireën - DJ Opperman**

1. My nooi is in ’n nartjie,  
*2. my ouma in kaneel,*  
*3. daar’s iemand … iemand in anys,*  
*4. daar’s ’n vrou in elke geur!*

r. 2: Die reuk van kaneel laat die spreker aan sy ouma dink. Sy ouma het melktert of pannekoek gebak en kaneel daaroor gestrooi en daarom laat die reuk van kaneel hom aan sy ouma dink.

r. 3: Anys word gewoonlik in beskuit gebruik.
Die **herhaling** van die woord “iemand” en die **ellips** beklemtoon die persoon (“iemand”) wat die spreker nie kan onthou nie.

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# 2. Analise



**Sproeireën - DJ Opperman**



**1**. My <u>n</u>ooi is i<u>n</u> ’n <u>n</u>artjie,
*2. my ouma in kaneel,*
*3. daar’s iemand … iemand in anys,*
*4. daar’s ’n vrou in elke geur!*

r. 4: Die spreker voel dat elke geur hom aan ’n vrou laat dink. Elke vrou word deur haar unieke reuk onderskei .

**Elisie**: “daar’s” in plaas van **daar is**. Die woord word verkort om die ritme in die versreël te behou.

Aan die einde van die strofe is daar ’n uitroepteken wat wys op die spreker se verwondering dat elke geur hom aan ’n vrou laat dink.

5. As ek ’n stukkie nartjieskil
6. tussen my vingers buig of knak,
7. breek uit die klein sproeireën
8. wat geurend om my hand uitsak,
9. die boorde weer van Swartfoloos
10. en met die nartjies om my heen
11. weet ek hoe dat ’n vrou kan troos.





r. 5-8: Die spreker breek die nartjie se skil. Dit maak ’n sproei wat lekker ruik.
**Inversie** (reël 7): beklemtoon die geur wat vrygestel word/sproeireën.
Die druppels sak om sy hand uit. Hy kry die heerlike reuk van die nartjie.

r. 9: Hy onthou die nartjies in die Swart Umfolozi-streek in KwaZulu-Natal waar hy grootgeword het.
**Assonansie:** die herhaling van die ‘oo’-klank in versreël 9.
**Rymskema** (reëls 6 – 11): (slegs die eerste reël rym nie met die ander in die strofe nie).

r. 10-11: Met die geur van die nartjie wat die spreker ruik, onthou hy hoe ’n vrou kan troos.
Hy dink terug aan die tye saam met sy meisie en hoe sy hom gelukkig gemaak het.
**Enjambement**: Die ritme versnel, dit laat die gedig vloei. (Reëls 5 en 6; 7 en 8; 9, 10 en 11)
Die digter gebruik inversie om woorde te laat rym (**rymdwang**).

O my nooi is in ŉ nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand … iemand in anys,
daar's ŉ vrou in elke geur!

r. 12-15: Die laaste strofe is ŉ **herhaling** van strofe 1, met die uitsondering van die eerste woord "O", wat kan verwys na groter verwondering vir vroue of die manier waarop hy die geure met vroue assosieer.
Omdat strofe 1 in strofe 3 herhaal, vorm dit ŉ **refrein** soos in ŉ liedjie.

basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# Opsomming

In hierdie gedig word die reuksintuig baie gebruik.

Verskillende geure en reuke herinner die spreker aan verskillende vroue.

# 3. Tema en boodskap

Die **tema** van die gedig is die positiewe assosiasies van geure met vroue.

Die **boodskap:** Mense koppel ŉ bepaalde geur aan ŉ vrou. Vrouens is spesiaal en moet vertroetel en gerespekteer word.

# 4. Beeldspraak en stylfigure

**Sproeireën - DJ Opperman**

1. My nooi is in 'n nartjie,
2. *my ouma in kaneel,*
3. *daar's iemand … iemand in anys,*
4. *daar's 'n vrou in elke geur!*

r. 1: **Metafoor**: Sy nooi se reuk word aan die geur van 'n nartjie gelykgestel.

r. 2: **Metafoor**: Die reuk van kaneel laat die spreker aan sy ouma dink.

r. 3 en 4: **Elisie**: "daar's" i.p.v. **daar is –** dit versnel die ritme.
Metafoor: Iemand se reuk word gelykgestel aan die reuk van anys.

r. 4: **Metafoor**: Elke vrou word aan 'n geur gekoppel.
**Sinestesie** (sintuiglike waarneming): Die spreker ervaar vroue met sy sintuie: voel, sien en ruik. (Reëls 1, 2, 3 en 4).

# 5. Toon en stemming

**Toon**: Positief. Die digter het goeie herinneringe aan vroue.

**Stemming**: Daar heers ’n vrolike stemming.

# Aktiwiteit 7

Voltooi aktiwiteit 7 in die Studiegids: *Verskuns* vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Graad 12 EAT Voorgeskrewe teks.

Lees die gedig weer deur en beantwoord dan die vrae:

7.1 Watter sintuig word hoofsaaklik in die gedig gebruik? (1)

7.2 Wat is die doel van die herhaling van die 1ste strofe? (1)

7.3 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Reël 1 is ŉ voorbeeld van (konnotatiewe/denotiewe) taalgebruik. (1)

7.4 Twee van die geure laat die spreker aan spesifieke vroue dink. Verwys na die geure en die vroue. (4)

# Aktiwiteit 7

7.5 Gee ŉ voorbeeld van assonansie in die gedig. Skryf die woorde en onderstreep die assonerende klanke neer. (1)

7.6 Wat is die funksie van die ellips in reël 3? (1)

7.7 Haal EEN woord aan uit strofe 2 om te wys dat die druppels van die nartjieskil nie groot was nie. (1)

7.8 Watter woord in strofe 2 verwys na baie vrugtebome wat saam geplant is? (1)

7.9 In watter provinsie is die klomp nartjiebome waaraan die speker dink? (1)

# Aktiwiteit 7

7.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter( A-D) langs die vraagnommer 7.10 neer.

Die stylfiguur wat in reël 4 gebruik word, word … genoem.

A ellips

B alliterasie

C elisie

D inversie (1)

7.11.1 Beskryf die tipografie in strofe 1 en 3. (1)

7.11.2 Wat is die doel van die gebruik van dié tipografie? (1)

7.12 Volgens die spreker is alle vroue dieselfde. Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.13 Stem jy saam dat die spreker goeie herinneringe van die vroue in sy lewe het? Motiveer jou antwoord in jou eie woorde. (1)

[17]

# • BRONNE:



- **Sproeireën**
- **Skyfie 4**
- https://images.freeimages.com/images/large-previews/633/breaking-out-1329015.jpg



- **Sproeireën**
- **Skyfie 5**
- Malowankidladzieci.com.pl



- **Sproeireën**
- **Skyfie 7**
- https://istockphoto.6q33.net/c/246195/270498/4205?u=https%3A%2F%2Fwww.istockphoto.com%2Fphoto%2Fa-view-of-the-black-umfolozi-river-in-the-hluhluwe-imofolozi-game-park-gm1150251503-311307407&adplacement=srp_freephotos_top-thumbs&sharedid=swart+umfolozi+river&adid=1281084



- **Sproeireën**
- **Skyfie 7**
- https://istockphoto.6q33.net/c/246195/270498/4205?u=https%3A%2F%2Fwww.istockphoto.com%2Fphoto%2Fimpressive-view-of-green-garden-location-place-sicily-island-italy-europe-gm1151367041-312016852&adplacement=srp_freephotos_top-thumbs&sharedid=orchard+tangerines&adid=12810849

# Dankie.

www.education.gov.za

Facebook: DBE SA
Twitter: @DBE_SA

Callcentre@dbe.gov.za
Callcentre: 0800 202 933